# GALASIËRS – WERKLIK VRY

## Vryheid en Verantwoordelikheid

### Afskop

**Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?**

### Vrae vir Bespreking:

*Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.*

**In watter areas van ons wêreld beleef jy dat mense nie verantwoordelikheid neem nie?**

**Stem jy saam met die stelling: "Onverantwoordelikheid is moeilik om in die spieël raak te sien"? Verduidelik.**

**Wat in die preek het jou laat dink? Of waarmee stem jy nie saam nie?**

**Het jy al ooit 'n situasie in jou lewe beleef waar jy aanvanklik gedink het dit is nie so erg nie of dit sal nooit met my gebeur nie of ek sal dit anders benader, maar later het dit jou ingehaal en jy moes aanpassings maak? Watter aanpassings moes jy maak? Deel met jou groep as jy gemaklik is.**

**Watter een van die drie beginsels oor saai en oes wat in die preek genoem is, vergeet jy die gouste? Of watter een het vir jou uitgestaan? Verduidelik.**

---

---

---

**Lees Kolossense 3:1-3. Hoekom is dit belangrik dat ons as Christene meer sal fokus op God se koninkryk en die ewigheid as die hier en nou? Hoekom vergeet ons dit so maklik?**

---

---

---

**Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:**

> **Efesiërs 5:15-17. Wat dink jy bedoel Paulus met ons moet lewe soos verstandige mense en probeer te weet kom wat die wil van God is?**

---

---

---

---

> **Hoe sluit Psalm 90:12 aan by bogenoemde?**

---

---

> **Galasiërs 6:4 en 2 Korintiërs 13:5. Op watter manier ondersoek jy jou geestelike lewe om te bepaal of jy nog in lyn met God se wil leef?**

---

---

> **Galasiërs 6:9. Is daar 'n area in jou lewe waar jy moeg geword het om die regte ding te doen? Hoe kan jou groep jou ondersteun?**

---

---

**Lees Galasiërs 6:10. Watter geleenthede sien jy tans raak waar jy kan goed doen vir mense? Wat gaan jy hierdie week doen?**

---

---

---

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem ’n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit ’n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem ’n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**